**Maandag 8 Julie**

| **Skrifgedeelte: Johannes 5:30-47 (1953-vertaling)** | **Fokusgedeelte: Johannes 5:38** |
|---|---|

**Die Woord van die Here openbaar die Weg na die ewige lewe!**

In hierdie gedeelte is Jesus besig om aan die Jode wat Hom verwerp, te leer. In vers 35 maak Hy die aanklag teen hulle: "Julle het sy woord nie as iets blywend in julle nie, omdat julle Hom wat Hy gestuur het, nie glo nie."

Die Jode maak aanspraak daarop dat hulle die woorde van die Here glo soos opgeteken in die Ou Testament. Hulle noem hulleself dissipels van Moses in Johannes 9:28, daarom maak hulle daarop aanspraak dat hulle dienaars van God is. Jesus kom in hierdie gedeelte en wys vir hulle uit dat hulle nie dissipels van Moses is nie, want dit maak Hy duidelik, die hele Woord getuig van Hom en hulle verwerp dit. In vers 46 leer Jesus: "Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe." Die hele Woord getuig van Christus, dit bou op tot sy koms as die ewige Verlosser en die Weg na die ewige lewe. Omdat hierdie mense dan nie in Jesus glo nie, maar Hom verwerp en daarom ook die Woord van God verwerp, kom hulle onder die oordeel van God soos duidelik gemaak in vers 45 waarin Jesus leer dat hulle onder beskuldiging is.

Wat Jesus dus baie duidelik maak, is dat die hele Bybel, die Woord van God, van Hom getuig en daarom 'n openbaring van God se verlossingswerk in die lewe van sy mense is. Hierdie einste mense wat verlore is in hulle sonde, maar verlos word in Christus se volmaakte offer aan die kruis. Die Woord van die Here openbaar dus die Weg na die ewige lewe!

Die Here gee die ware geloof aan ons sodat ons in hierdie Weg die rigting van ons lewe sal vind en daarvan nie sal afwyk nie. Daarom moet jy met die Woord besig wees omdat dit jou leer van die Weg na die lewe en omdat dit jou in die werking van die Gees dryf om volhardend te lewe op hierdie weg tot verheerliking van God ons Vader in Christus Jesus ons Here!

*Sing: Psalm 119-1:1, 7, 9*

*Ds. RJ Pretorius (Rynhardt) (Buffeldoorns)*